**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE SPESIALE VIRTUELE RAADSVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 25 AUGUSTUS 2021 OM 11:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. AA van Wyk | [DA] | | |
| Rdl. SR Swartz | [DA] | | |
| Rdl. M Wessels | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. F Lotter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Direkteur Gemeenskapsdienste *(waarnemend)* |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**RVN001/08/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker open die vergadering met skriflesing en handhaaf 'n minuut van stilte.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

LIEF

Hy wens almal geluk wat tot dusver verjaar het.

LEED

1. Dat mnr. B Wagenstroom en mnr. A Smit, 2 munisipale amptenare wat werksaam was op Porterville, oorlede is;
2. Dat mnr. A Maarman, oud raadslid van Bergrivier Munisipaliteit, oorlede is;
3. Dat 'n onderwyseres op Porterville, oorlede is;
4. Dat mnr. Beukes, 'n onderwyser by Steynville Sekondêr vir meer as 35 jaar, oorlede is;
5. Dat 'n wykskomitee lid van wyk 4 se moeder, oorlede is;
6. Dat me. E Hermanus in die hospitaal opgeneem is; en
7. Dat daar baie COVID-19 positiewe gevalle in die Bergrivier Munisipale area is en word die Raadslede en Amptenare aangemoedig om die publiek aan te moedig om die voorgeskrewe COVID-19 protokol te volg ten einde die getalle af te bring.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

LIEF

Dat Raadslid A du Plooy in Augustus verjaar.

LEED

1. Dat 'n werknemer van Badisa in Porterville, oorlede is;
2. Sy versoek dat die Raadslede en Amptenare meer verdraagsaam teenoor mekaar moet wees en dat newe effekte van die virus nog lank na herstel die persoon se gemoed en werkskapasiteit kan beïnvloed; en
3. Sy spreek haar empatie uit teenoor die moeilike taak waarin die Raadslede hul bevind, met betrekking tot die lei van gemeenskappe tydens hierdie moeilike tyd en wens hulle sterkte toe.

***

**RVN002/08/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsdame SIJ Smit – afwesig met verskoning
Direkteur Gemeenskapsdienste – vakansieverlof

***

**RVN003/08/2021**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/08/2021**
**<u>GOEDKEURING VAN EERSTE AANSUIWERINGSBEGROTING: 2021/2022</u>**
**5/1/B, 5/1/1**
***(Die verslag soos elektronies apart versprei word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item in en gee 'n breedvoerige opsomming van die veranderinge wat aangebring is.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

a. That the first annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2020/2021, be approved:

   i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification);

   ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);

   iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source);

   iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;

   v. Table B6: Budgeted Financial Position;

   vi. Table B7: Budgeted Cash Flow;

   vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;

   viii. Table B9: Asset Management;

   ix. Table B10: Basic service delivery measurement;

   x. Supporting Tables SB1 – SB 20; and

b. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:30***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ ________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***